THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICE: S.A. 20c Plus 1c G.S.T. OVERSEAS: 30c. PRYS: S.A. 20c Plus 1c A.V.B. OORSEE: 30c.

VOL. 225 PRETORIA, 7 OCTOBER, 7 OKTOBER 1981 4169

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL.
(Published every Wednesday.)

All correspondence, advertisements etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in at Room A1023(a), Provincial Building. Free vouchers copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance).

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R10,00.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 30c ea.

Price per single copy (post free) — 20c ea.

Obtainable at Room A600, Provincial Building, Pretoria, 0001.

G.S.T. excluded.

Closing Time for Acceptance of Copy.

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 12h00 on the Wednesday before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisements Rates.

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette:*

Double column R2,60 per centimeter or portion thereof. Repeats R2,00.

Single column 90c per centimeter. Repeats 60c.

Subscription fees are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, 0001.

PROVINCIAL SECRETARY.

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL.
(Verskyn elke Woensdag.)

Alle korrespondensie, advertensies, ens., moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria geadresseer word, en indien per hand afgelewer, moet dit by Kamer A1023(a), Provinsiale Gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels word nie verskaf nie.

Intekengeld (Vooruitbetaalbaar).

Transvaal *Offisiële Koerant* (insluitende alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R10,00.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 30c elk.

Prys per los eksemplaar (posvry) — 20c elk.

Verkrygbaar by Kamer A600, Provinsiale Gebou, Pretoria, 0001.

A.V.B. uitgesluit.

Sluitingstyd vir Aanname van Kopie.

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 12h00 op Woensdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe.

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom R2,60 per sentimeter of deel daarvan. Herhalings R2,00.

Enkelkolom 90c per sentimeter. Herhalings 60c.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

PROVINSIALE SEKRETARIS.

No. 203 (Administrator's), 1981.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Town Council of Roodepoort.

No. 203 (Administrateurs-), 1981.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Stadsraad van Roodepoort.

Given under my Hand at Pretoria, this 21st day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-2-30-23

SCHEDULE.

A road over the Remaining Extent of Portion 5 of the farm Panorama No. 200 IQ as indicated by the letters ABCDEFGHJKLMNO on Diagram SG No. 895/81.

No. 204 (Administrator's), 1981.

PROCLAMATION

Under the powers vested in me by section 4 of the Local Authorities Roads Ordinance, 1904, read with section 80 of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961, I do hereby proclaim the road as described in the Schedule hereto as a public road under the jurisdiction of the Local Areas Committee of Klipriviervallei.

Given under my Hand at Pretoria, this 21st day of September, One thousand Nine hundred and Eigthy-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 3-6-6-2-111-2

SCHEDULE.

A road over —

Portion 7 of the farm Rietspruit 152 IR, as indicated by the letters ABCD on Diagram SG A8104/80.

No. 205 (Administrator's), 1981.

PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967), to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore, I do hereby, in respect of Lot 130, situated in Waterkloof Township, Registration Division JR, Transvaal, alter condition (a) in Deed of Transfer T28982/1976, by the removal of the following words:

"Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said lot and the said lot shall not be subdivided."

Given under my Hand at Pretoria, this 21st day of September, One thousand Nine hundred and Eighty-one.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrator of the Province Transvaal.
PB. 4-14-2-1404-73

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 21ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-30-23

BYLAE.

'n Pad oor die Restant van Gedeelte 5 van die plaas Panorama No. 200 IQ, soos aangedui deur die letters ABCDEFGHJKLMNO op Kaart LG No. 895/81.

No. 204 (Administrateurs-), 1981.

PROKLAMASIE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 4 van die "Local Authorities Roads Ordinance", 1904, gelees met artikel 80 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961, proklameer ek hierby die pad soos omskryf in die bygaande Bylae tot 'n publieke pad onder die regsbevoegdheid van die Plaaslike Gebiedskomitee van Klipriviervallei.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 21ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 3-6-6-2-111-2

BYLAE.

A pad oor —

Gedeelte 7 van die plaas Rietspruit 152 IR, soos aangedui deur die letters ABCD op Kaart LG A8104/80.

No. 205 (Administrateurs-), 1981.

PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967), aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Lot 130, geleë in dorp Waterkloof, Registrasie Afdeling JR, Transvaal, voorwaarde (a) in Akte van Transport T28982/1976 wysig deur die opheffing van die volgende woorde:

"Not more than one dwelling house with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected on the said lot and the said lot shall not be subdivided."

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 21ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Een-en-tagtig.

W. A. CRUYWAGEN,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
PB. 4-14-2-1404-73

(b) of the expression "poultry-house, runway or".

PB. 2-4-2-77-249

Administrator's Notice 1344 7 October, 1981

MEYERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS FOR THE FIXING OF FEES FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES AND THE FURNISHING OF INFORMATION.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws for the Fixing of Fees for the Issuing of Certificates and the Furnishing of Information of the Meyerton Municipality, published under Administrator's Notice 2077, dated 3 December, 1975, as amended, are hereby further amended by the addition after item 11 of the Schedule of the following:

"12. For the furnishing of information by means of computor glands: Cost, plus 10 %.".

PB. 2-4-2-40-97

Administrator's Notice 1345 7 October, 1981

NYLSTROOM MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Nylstroom has in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendments to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notices 164 and 488, dated 13 February 1980 and 6 May 1981, respectively, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-65

Administrator's Notice 1346 7 October, 1981

PHALABORWA MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance; 1939, publishes that the Town Council of Phalaborwa has in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981 as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-112

(b) die uitdrukking "pluimvechok, hoenderhok of", te skrap.

PB. 2-4-2-77-249

Administrateurskennisgewing 1344 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT MEYERTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE VIR DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE EN DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge vir die Vasstelling van Gelde vir die Uitreiking van Sertifikate en die Verskaffing van Inligting van die Munisipalitet Meyerton, afgekondg by Administrateurskennisgewing 2077 van 3 Desember 1975, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 11 van die Bylae die volgende by te voeg:

"12. Vir die verskaffing van inligting deur middel van rekenaardrukstukke: Koste, plus 10 %.".

PB. 2-4-2-40-97

Administrateurskennisgewing 1345 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT NYLSTROOM: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Nylstroom ingevolge artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie, die wysigings van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewings 164 en 488 van 13 Februarie 1980 en 6 Mei 1981, onderskeidelik, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-65

Administrateurskennisgewing 1346 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT PHALABORWA: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Phalaborwa ingevolge artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig byAdministrateurskennisgewing 488 van 6 Mei 1981, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-112

750 mm or other poultry the respective dimensions shall be 0,05 m² and not less than 500 mm in height.

(ii) The floors of crates shall be constructed of an approved impervious material.

(iii) Each crate shall be provided with two non spill type drinking vessels at least 125 mm deep and 100 mm in diameter fixed in opposite corners of the crate, and shall be kept filled with fresh water when the crate is in use.

(iv) Each crate shall be provided with a suitable receptacle which, when the crate is in use, shall be filled with sufficient fresh food once in the morning and once in the afternoon.

(v) Not more than 30 chickens or half grown fowls or 20 fowls, ducks or other poultry of a similar size or 10 turkeys or geese may be kept in a crate.

(vi) Different species of poultry shall not be placed in the same crate.

Entry on and Inspection of Premises.

(j) The Council or the medical officer may enter at all reasonable hours into or upon any premises for the purpose of making inspection and generally ensuring compliance with the provisions of these by-laws.

Existing Poultry-houses and Runs.

(k) Where at the coming into operation of these by-laws there are already poultry-houses and runs, or both, in existence, a period of six calender months shall be allowed in which such structural alterations shall be made to such poultry houses and runs as to comply with the requirements of these by-laws.

Penalty.

(*l*) Any person who contravenes or commits a breach of any provision of these by-laws shall be liable on conviction, to a fine not exceeding R50, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one month, and in the case of a continuing offence to a further sum not exceeding R4 for every day during the continuance of such offence with a written notice from the council has been issued.

2. By the deletion in section 71 —

(a) in the heading of the words "Poultry and"; and

(b) of the expression "poultryhouse, runway or".

3. By the deletion in section 72 —

(a) in the heading of the words "Poultry and"; and

die Raad se slagpale, in welke geval daar aan die volgende vereistes voldoen moet word:

(i) Die grootte van die vloer van 'n krat wat kalkoene of ganse bevat, mag nie minder as 0,1 m² per stuk wees nie, en die hoogte van so 'n krat mag nie minder as 750 mm wees nie. Vir ander pluimvee moet die onderskeidelike mates 0,05 m² en nie minder as 500 mm hoog wees nie.

(ii) Die vloer van 'n krat moet van goedgekeurde ondeurdringbare materiaal gemaak wees.

(iii) Elke krat moet voorsien wees van twee niestortbare tipe drinkbakke minstens 125 mm diep en 100 m in deursnit wat in teenoorgestelde hoeke van die krat aangebring is en wanneer die krat in gebruik is, moet die drinkbakke met vars water gevul gehou word.

(iv) Elke krat moet voorsien wees van 'n geskikte houer wat, wanneer die krat in gebruik is, gevul moet wees met genoeg vars voedsel een maal in die môre en een maal in die namiddag.

(v) Nie meer as 30 kuikens of halfwas hoenders of 20 hoenders, eende of ander pluimvee van 'n soortgelyke grootte, of 10 kalkoene of ganse mag in 'n krat gehou word nie.

(vi) Verskillende soorte pluimvee mag nie in dieselfde krat geplaas word nie.

Toegang tot en Inspeksie van Persele.

(j) Die Raad of die mediese beampte kan te alle redelike tye, enige perseel betree met die doel om inspeksie te doen en in die algemeen te verseker dat die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word.

Bestaande Pluimveehokke en -kampe.

(k) Waar pluimveehokke of -kampe of albei reeds by datum van inwerkingtreding van hierdie verordeninge bestaan, word 'n tydperk van 6 kalendermaande vanaf sodanige datum, toegelaat ten einde die nodige struktuurveranderings aan sodanige pluimverhokke en -kampe in ooreenstemming met die vereistes van hierdie verordeninge aan te bring.

Strafbepaling.

(*l*) Enigiemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of 'n misdryf daarteen begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 of, by wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand en in geval van 'n voortdurende misdryf, met 'n verdere bedrag van hoogstens R4 vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur nadat skriftelike kennisgewing van die Raad uitgereik is.

2. Deur in artikel 71 —

(a) in die opskrif die woorde "pluimvee- en" te skrap; en

(b) die uitdrukking "'n pluimveehok of hoenderhok, of" te skrap.

3. Deur artikel 72 te wysig deur —

(a) die opskrif deur die volgende te vervang: *"Duiwehokke moet sindelik gehou word."*; en

Sanitary Conditions of Poultry-houses.

(e) Any person keeping poultry in any poultry-house and run shall —

(i) maintain such poultry-house and run at all times in a sanitary condition, free from rodents, vermin and parasites;

(ii) limewash such poultry-house internally and externally as often as circumstances dictate;

(iii) remove daily all droppings from such poultry-house and cause all such poultry manure to be stored in a non-corrosive metal bin with a close-fitting cover, or bury such removed manure under at least 300 mm of ground, the latter to be rammed down thoroughly in such a manier that a nuisance is not caused;

(iv) feed such poultry in a proper manner so as not to cause a nuisance or to attract rodents, flies or vermin, and any residual food or other putrefiable matter shall be removed at least once every day from the poultry-house and run;

(v) regularly deodorise, disinfect, disinfest or repair any poultry-house and run: Provided that the medical officer may serve a notice upon the owner, occupier or person in charge of the premises, requiring such deodorising, disinfecting, disinfesting or repairing to be done as often as is required by the medical officer. Such notice shall stipulate a reasonable period of time for the commencement, likewise for the fulfilment of the particular requirement;

(vi) store all poultry food in metal or other rodent-proof containers in such manner as to be inaccessible to rodents.

Sanitary Conditions of Premises.

(f) No person shall keep, place, throw, leave or allow to remain on or in any premises any poultry litter, refuse or manure in such manner or for such period as to favour the breeding on or attraction to premises of flies, rodents or vermin.

Poultry not to be a Nuisance.

(g) No person shall keep poultry in such manner as to cause a nuisance to his neighbours or others.

Demolishing of Structures.

(h) Any disused poltry-house or run or both, or any poultry-house or run not conforming to the requirements of these by-laws, shall be demolished after a notice to that effect has been served upon the owner or occupier of the premises.

Confining of Poultry in Crates.

(i) No person shall keep poultry in crates, except for the purpose of transport, hawking, selling at approved places or slaughtering at the Council's abattoir, in which event the following requirements shall be complied with:

(i) The floor area of a crate containing turkeys or geese shall be not less than 0,1 m^2 per bird and the height of such crate shall be not less than

Sanitêre Toestand van Pluimveehokke.

(e) Iemand wat pluimvee aanhou in enige pluimveehok en -kamp, moet —

(i) so 'n pluimveehok en -kamp in 'n sanitêre toestand te alle tye versorg, vry van knaagdiere, luise en parasiete;

(ii) so 'n pluimveehok van binne en buite afwit so dikwels as wat omstandighede dit vereis;

(iii) daagliks alle mis verwyder uit so 'n pluimveehok en alle sodanige mis laat bewaar in 'n roesvrye metaalhouer met 'n noupassende deksel, of sodanige verwyderde mis begrawe onder minstens 300 mm grond, laasgenoemde moet deeglik vasgestamp word op so 'n manier dat 'n oorlas nie veroorsaak word nie.

(iv) sodanige pluimvee op 'n behoorlike wyse voer, sonder om 'n oorlas te veroorsaak of om knaagdiere, vlieë of luise aan te lok, en enige oorblywende voedsel of ander bederfbare stowwe moet minstens een keer per dag uit so 'n pluimveehok en -kamp verwyder word;

(v) gereeld so 'n pluimveehok en -kamp reukloos maak, ontsmet, ontluis of herstel: Met dien verstande dat die mediese beampte 'n kennisgewing aan die eienaar, okkupeerder, of persoon in gesag oor die perseel, kan besorg waarin vereis word dat sodanige reukverwydering, ontsmetting en ontluising of herstelling moet geskied, so dikwels as wat die mediese beampte vereis. Sodanige kennisgewing moet 'n redelike tydperk bepaal vir die aanvang, asook vir die voltooiing van die besondere vereiste;

(vi) alle pluimveekos in metaal- of ander rotdigte houers bewaar op so 'n wyse dat dit ontoeganklik is vir knaagdiere.

Sanitêre Toestand van Persele.

(f) Niemand mag enige pluimvee-afval, vuilgoed of mis, aanhou, plaas, gooi, laat bly op of in enige perseel op so 'n wyse of vir so 'n tydperk dat dit die uitbroei op, of die aanlok van vlieë, knaagdiere of luise na persele begunstig nie.

Pluimvee mag nie 'n Oorlas wees nie.

(g) Niemand mag pluimvee aanhou op so 'n wyse dat dit tot oorlas van iemand anders strek nie.

Afbreek van Strukture.

(h) Enige ongebruikte pluimveehok of -kamp of albei, en enige pluimveehok of -kamp wat nie aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen nie, moet afgebreek word nadat 'n kennisgewing tot die effek aan die eienaar of okkupeerder, van die perseel, besorg is.

Aanhou van Pluimvee in Kratte.

(i) Niemand mag pluimvee in kratte aanhou nie, uitgesonderd vir doeleindes van vervoer, smous, verkoop op goedgekeurde plekke of slagdoeleindes by

(ix) Every poultry-house shall have the following minimum internal dimensions: Depth from front to back, 1,2 m; breadth, 1,3 m; height in front, 1,5 m; height at back, 1,4 m.

(x) Nests and perches shall be constructed of approved impervious materials, excluding wood or similar materials, so as to prevent harbouring of vermin.

(xi) A fenced runway with minimum requirements of 0,55 m^2 per head of poultry shall be provided.

(xii) Fencing poles shall be of approved impervious materials, but shall not be of wood or similar materials, shall be properly constructed and secured and fencing shall be of an approved meshed netting wire.

(xiii) No person shall construct or use for the watering of poultry any waterpool in any poultry-house or enclosed run, unless such waterpool is constructed in a proper, neat and workmanlike manner, of concrete or other approved impervious material, is smoothly finished and is capable of being easily cleansed and drained.

(xiv) A poultry-house and run shall be cleansed at least one per week in such a may that no nuisance to any person shall be caused by swill-water: Provided that the medical officer of health may require that such poultry-house or run shall be cleansed more often.

Keeping of Poultry on a Battery System.

(d) (i) Except for runways, the provisions of subsections (b)(i), (ii), (iii), (iv), (vi)(aa) and (cc), (c)(i) to (ix) inclusive, (e), (f), (g), (h), (j), (k) and (l) shall be applicable generally also on the battery system of keeping poultry.

(ii) No battery system shall be erected less than 3 m away from a site boundary of 7,5 m from any door, window or other entrance to a dwelling-house, living room or place where food for human consumption is prepared or used.

(iii) A battery system which is not enclosed with walls shall be provided with a roof, as prescribed in subsection (c)(vi) and is provided with gutters and downpipes. The roof shall be supported by pillars of steel, concrete or bricks plastered smoothly from floor level to eaves' height.

(iv) An unobstructed space of 0,5 m shall be maintained at all times between walls and poultry cages.

(v) Sufficient clean water shall be available for cleaning the battery system and floor.

(vi) No wood of whatever nature shall be used in the construction of poultry cages.

(vii) The system shall at all times be kept in a clean and hygienic condition, free from rodents, lice, parasites and offensive smells.

(ix) Elke pluimveehok moet die volgende minimum binnemate hê: Diepte van voorkant na agter, 1,2 m; breedte, 1,3 m; hoogte aan voorkant, 1,5 m; hoogte aan agterkant, 1,4 m.

(x) Neste en slaaprakke moet gebou wees van goedgekeurde ondeurdringbare materiale, uitsluitende hout of soortgelyke materiale, om skuilhouding van luise te voorkom.

(xi) 'n Omheinde pluimveekamp met minimum vereistes van 0,55 m^2 per stuk pluimvee, moet voorsien word.

(xii) Heiningpale moet van goedgekeurde ondeurdringbare materiale wees, maar mag nie van hout of soortgelyke materiale wees nie, moet behoorlik gemaak en vasgeheg wees en bedrading moet bestaan uit goedgekeurde maasdraad.

(xiii) Niemand mag enige waterpoel in enige pluimveehok of ingekampte -kamp bou of as suipplek vir pluimvee gebruik nie, tensy sodanige waterpoel gebou is op 'n behoorlike, netjiese, vakkundige wyse van beton of ander ondeurdringbare materiaal, glad afgewerk is en wat maklik skoongemaak en gedreineer kan word.

(xiv) 'n Pluimveehok en -kamp moet minstens een keer per week skoongemaak word op so 'n wyse dat geen oorlas deur afvalwater aan enige persoon veroorsaak word nie: Met dien verstande dat die mediese beampte kan vereis dat die pluimveehok en -kamp meer dikwels skoongemaak moet word.

Aanhou van Pluimvee op 'n Batterystelsel.

(d) (i) Behalwe ten opsigte van kampe, is die bepalings van artikels (b)(i), (ii), (iii), (iv), (vi)(aa) en (cc), (c)(i) tot en met (ix), (e), (f), (g), (h), (j), (k) en (l) van toepassing in die algemeen ook op die aanhou van pluimvee op die batterystelsel.

(ii) Geen batterystelsel mag nader as 3 m vanaf enige erfgrens of 7,5 m vanaf enige deur, venster of ander ingang na 'n woonhuis, woonkamer of plek waar voedsel vir menslike verbruik voorberei of gebruik word, opgerig word nie.

(iii) 'n Batterystelsel wat nie omring is van mure nie, moet voorsien word van 'n dak soos omskryf in subartikel (c)(vi) en wat voorsien is van geute en afleipype. Die dak moet gestut wees op pilare van staal, beton of bakstene, gepleister en glad afgewerk van die vloeroppervlakte af tot aan die dakrand.

(iv) 'n Onversperde spasie van minstens 0,5 m breed moet te alle tye tussen die pluimveehouers en enige muur gehandhaaf word.

(v) 'n Voldoende hoeveelheid skoon water moet beskikbaar wees om die batterystelsel en vloer te reinig.

(vi) Geen hout van watter aard ook al mag by die konstruksie van pluimveehouers gebruik word nie.

(vii) Die stelsel moet te alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand, vry van knaagdiere, luise, parasiete en onaangename reuke gehou word.

vant by-laws, and to the satisfaction of the medical officer.

(iv) No person shall keep more than 10 fowls or other species of poultry.

(v) The medical officer may by notice in writing prohibit any person to keep poultry in a poultry-house and runway, and the use of any such poultry-house and runway which, in the opinion of the medical officer are unfit, undesirable or objectionable by reason of its locality, situation, construction or manner of use.

(vi) No person shall erect or use any poultry-house or runway or both of which any part —

(aa) is within 3 m of the nearest point of any dwelling, outbuilding or shop;

(bb) is within 1,5 m from any boundary wall or boundary fence;

(cc) is within 15 m from any fence contiguous to a street.

Construction of Poultry-houses and Runs.

(c) Every poultry-house and run shall conform with the following requirements: Provided that the provisions of this subsection shall not apply to persons keeping not more than 12 bantam-fowls or not more than one of any other species of poultry.

(i) A poultry-house shall be constructed of brick, iron, steel, corrugated iron or asbestos, with an enclosed run. Such poultry-house and run shall be erected in a workmanlike manner and to the satisfaction of the medical officer.

(ii) Unless poultry-houses are constructed entirely of iron, steel, corrugated iron or asbestos, the walls shall be constructed of burnt brick, cement plastered internally and externally and brought to a smooth finish from floor level to eaves' height.

(iii) An unobstructed opening at least of 215 mm × 65 mm shall be provided in the back wall of each poultry-house to facilitate proper ventilation.

(iv) The walls of poultry-houses shall be erected on a proper concrete foundation at least 150 mm thick below ground level.

(v) Floors shall be constructed of concrete only with a smooth finish so as to facilitate cleansing and the surface of the floor shall be suitable graded so as to drain off effectively into a suitable drain all swill and washings.

(vi) Roofs shall be constructed of iron, steel, corrugated iron or asbestos sheets, which shall extend the full depth of the poultry-houses.

(vii) Roof purlins and rafters shall be round or angle iron, and shall not include wood.

(viii) The walls, floor and roof shall be free from hollow spaces, enclosed interspaces or holes capable of harbouring rodents, vermin, or poultry-parasites.

ordeninge, en tot voldoening van die mediese beampte.

(iv) Niemand mag meer as 10 hoenders of ander soort pluimvee aanhou nie.

(v) Die mediese beampte kan by wyse van skriftelike kennisgewing enige persoon wat pluimvee aanhou in 'n pluimveehok en -kamp, verbied om sodanige pluimveehok en -kamp te gebruik wat na die mening van die mediese beampte ongeskik, ongewens of aanstootlik is omrede hul omgewing, ligging, konstruksie of wyse van gebruik.

(vi) Niemand mag enige pluimveehok of -kamp of albei oprig of gebruik nie, waarvan enige gedeelte —

(aa) binne 3 m van die naaste punt van enige woning, buitegebou of winkel is;

(bb) binne 1,5 m van enige grensmuur of grensheining is;

(cc) binne 15 m van enige heining, grensende aan 'n straat, af is.

Konstruksie van Pluimveehokke en -Kampe.

(c) Elke pluimveehok en -kamp moet aan die volgende vereistes voldoen: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie op persone wat nie meer as 10 kapokhoenders of nie meer as een van enige ander soort pluimvee aanhou nie:

(i) 'n Pluimveehok moet gebou word slegs van stene, yster, staal, riffelsink of -asbes, met ingekampte pluimveekamp. Sodanige pluimveehok en -kamp moet op 'n vakkundige wyse opgerig wees tot voldoening van die mediese beampte.

(ii) Tensy pluimveehokke uitsluitlik van yster, staal, riffelsink of -asbes gebou is, moet die mure met bakstene gebou wees, met sement gepleister wees van binne en buite, en afgewerk wees van die vloeroppervlakte af tot aan die dakrand.

(iii) 'n Onbelemmeerde opening minstens 215 mm X 65 mm groot moet in die agterste muur van elke pluimveehok gelaat word om behoorlike belugting te vergemaklik.

(iv) Die mure van pluimveehokke moet opgerig word op 'n behoorlike betonfondament wat minstens 150 mm dik is benede grondoppervlakte.

(v) Vloere moet gebou word slegs van beton wat glad afgewerk is om skoonmaak te vergemaklik en die oppervlakte van die vloer moet 'n geskikte helling hê om alle vuilwater en afspoelings, in 'n geskikte riool te laat afloop.

(vi) Dakke moet gebou wees van yster, staal, riffelsink of -asbes-plate, wat oor die hele pluimveehok strek.

(vii) Kaplatte en daksparre moet van ronde- of hoekyster wees en mag nie hout insluit nie.

(viii) Die mure, vloer en dak mag nie holtes, omslote, tussenruimtes of gate bevat waarin knaagdiere, luise of pluimveeparasiete kan skuil nie.

proved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Leandra Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, as amended, are hereby further amended by amending Chaper 2 under Part IV as follows:

1. By the substitution for section 70 of the following:

"KEEPING OF POULTRY.

Definitions.

70.(a) In these by-laws, unless the context indicates otherwise —

'approved' means approved by the Council upon the advice of the medical officer and 'approval' has a corresponding meaning;

'Council' means the Town Council of Leandra and includes the management committee of the Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delagated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

'keep' when used in relation to the keeping of any poultry, includes to confine, place or permit, allow or suffer to be kept for any period whatsoever, and the word 'keeping' has a corresponding meaning;

'medical officer' means the medical officer of health of the Council or any person duly authorised to act on his behalf or any person appointed by the council to give effect to the provisions of these by-laws;

'poultry' means turkeys, geese, ducks, muscovy-ducks, bantam-fowls, fowls, and guinea-fowl, whether domesticated or not, including the young of such poultry;

Keeping of Poultry.

(b) (i) No person shall keep any live poultry on any premises without the approval in writing of the medical officer, who in deciding whether an application should be approved or refused shall, in addition to the requirements of these by-laws and the Council's Building By-laws or any other by-laws, be guided by accepted principles of medical and health standards and shall consult the engineer upon all structural matters: Provided that should the application be refused, a right of appeal to the Council shall lie.

(ii) Every application shall be accompanied by a detailed plan of the proposed poultry-house and runway.

(iii) No person shall keep any poultry in or upon any premises or part thereof other than in a suitable and properly constructed poultry-house with enclosed runway erected in accordance with the requirements of these by-laws, the Council's Building By-laws or any other rele-

volge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Leandra, afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Hoofstuk 2 onder Deel IV soos volg te wysig:

1. Deur artikel 70 deur die volgende te vervang:

"AANHOU VAN PLUIMVEE.

Woordomskrywing.

70.(a) In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

'aanhou' wanneer gebesig in verband met die aanhou van enige pluimvee, ook om te hok, te plaas, of aanhouding te vergun, toe te laat of te laat geskied vir enige tydperk hoegenaamd, en die woord 'aanhouding' het 'n ooreenstemmende betekenis;

'goedgekeur' goedgekeur deur die Raad op aanbeveling van die mediese beampte, en het 'goedkeuring' 'n ooreenstemmende betekenis;

'mediese beampte' die mediese gesondheidsbeampte van die Raad of enige persoon wat behoorlik gemagtig is om namens hom op te tree of enige persoon deur die Raad aangestel om uitvoering aan die bepalings van hierdie verordeninge te gee;

'pluimvee' kalkoene, ganse, eende, makoue, kapokhoenders, hoenders en tarentale, of hulle mak gmaak is of nie, insluitende die kleintjies van sodanige pluimvee;

'Raad' die Stadsraad van Leandra en omvat die bestuurskomitee van die Raad of enige beampte deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

Aanhou van Pluimvee.

(b) (i) Niemand mag enige pluimvee op enige perseel aanhou sonder die skriftelike toestemming van die mediese beampte nie, wat in sy besluit of 'n aansoek goedgekeur, of geweier moet word, benewens die vereistes van hierdie verordeninge en die Raad se Bou- of enige ander verordeninge, hom moet laat lei deur aanvaarde beginsels van mediese en gesondheidstandaarde, en moet die ingenieur raadpleeg in verband met alle sake rakende struktuur: Met dien verstande dat as sodanige aansoek afgekeur word, die applikant 'n reg op appèl na die Raad het.

(ii) Elke aansoek moet vergesel gaan van 'n plan met besonderhede en ligging van die voorgestelde pluimveehok en -kamp.

(iii) Niemand mag enige pluimvee in of op enige perseel of gedeelte daarvan aanhou nie tensy aanhouding in 'n geskikte en behoorlik-geboude pluimveehok met ingekampte pluimveekamp geskied, opgerig in ooreenstemming met die vereistes van hierdie verordeninge, die Raad se Bouverordeninge of enige ander toepaslike ver-

nistrator's Notice 356, dated 9 May 1956, as amended, is hereby further amended by the substitution for item 2 of the following:

"2. *Removal of Refuse, per Month of part thereof:*

(1) *Domestic.*

Per occupier, per receptacle: R3.

(2) *Other.*

(a) Removal once per week:

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R3,50.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R12,25.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R21,00.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R38,50.

(b) Removal twice per week:

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R4,17.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R14,60.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R25,02.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R45,87.

(c) Removal thrice per week:

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R5,20.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R18,20.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R31,20.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R57,20.

(d) Removal daily (except Saturdays and Sundays):

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R5,84.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R20,44.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R35,04.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R64,24.

(e) Removal daily (except Sundays):

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R6,37.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R22,30.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R38,22.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R70,07.

(f) Removal daily:

(i) Per 0,10 m^3 receptacle: R7,41.

(ii) Per 0,33 m^3 receptacle: R25,94.

(iii) Per 0,60 m^3 receptacle: R44,46.

(iv) Per 1,10 m^3 receptacle: R81,51.".

PB. 2-4-2-81-17

Administrator's Notice 1343 7 October, 1981

LEANDRA MUNICIPALITY: AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been ap-

nistrateurskennisgewing 356 van 9 Mei 1956, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 2 deur die volgende te vervang:

"2. *Verwydering van Vullis per Maand of Gedeelte Daarvan:*

(1) *Huishoudelik.*

Per okkupeerder, per houer: R3.

(2) *Ander.*

(a) Verwydering een maal per week:

(i) Per 0,10 m^3 houer: R3,50.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R12,25.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R21,00.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R38,50.

(b) Verwydering twee maal per week:

(i) Per 0,10 m^3 houer: R4,17.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R14,60.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R25,02.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R45,87.

(c) Verwydering drie maal per week:

(i) Per 0,10 m^3 houer: R5,20.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R18,20.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R31,20.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R57,20.

(d) Verwydering daagliks (behalwe Saterdae en Sondae):

(i) Per 0,10 m^3 houer: R5,84.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R20,44.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R35,04.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R64,24.

(e) Verwydering daagliks (behalwe Sondae):

(i) Per 0,10 m^3 houer: R6,37.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R22,30.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R38,22.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R70,07.

(f) Verwydering daagliks:

(i) Per 0,10 m^3 houer: R7,41.

(ii) Per 0,33 m^3 houer: R25,94.

(iii) Per 0,60 m^3 houer: R44,46.

(iv) Per 1,10 m^3 houer: R81,51.".

PB. 2-4-2-81-17

Administrateurskennisgewing 1343 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT LEANDRA: WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom inge-

"TARIFF OF CHARGES.

1. *Ambulance Services.*

(1) For the use of the ambulance by patients resident within the municipality:

(a) Per hour or part thereof: R2, plus 40c per km.

(b) Minimum charge: R5.

(2) For the use of the ambulance by patients not resident within the municipality:

(a) Per hour or part thereof: R4, plus 45c per km.

(b) Minimum charge: R10.

(3) For the conveyance of a person suffering from an infectious disease, an additional charge of R2.

(4) For the purpose of subitems (1) and (2), the period of time and the distance travelled by an ambulance, shall be calculated as from the time the ambulance leaves the Fire Station until its return thereto.

2. *Fire Brigade Services within the Municipality.*

(1) *Sundry Charges.*

(a) Examining and testing of a fire extinguisher, hose reel or fire hydrant, each: R1,50; plus

(b) actual costs of materials used.

(2) *Pumping of Water from Flooded Excavations or Basements.*

(a) For each fire-engine, per hour or part thereof: R30;

(b) For each light pump, per hour or part thereof: R12.

(3) *Fire Brigade Services not within the Municipality but within the Magisterial District of Heidelberg Tvl. (with the exception of the S.A. Railways) and only when Considered Necessary by the Chief Fire Officer.*

(a) Per fire-engine per km: 50c; plus

(b) per fire-engine per hour or part thereof: R2,50; plus

(c) per emergency vehicle or part thereof: R20; plus

(d) per Fireman per hour or part thereof: R5; plus

(e) actual costs of materials used.

PB. 2-4-2-41-15

Administrator's Notice 1342 7 October, 1981

KLERKSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TARIFF FOR SANITARY AND REFUSE REMOVAL SERVICES.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Tariff for Sanitary and Refuse Removal Services of the Klerksdorp Municipality, published under Admi-

"TARIEF VAN GELDE.

1. *Ambulansdienste.*

(1) Vir die gebruik van die ambulans deur pasiënte wat binne die munisipaliteit woonagtig is:

(a) Per uur of gedeelte daarvan: R2, plus 40c per km.

(b) Minimum heffing: R5.

(2) Vir die gebruik van die ambulans deur pasiënte wat nie binne die munisipaliteit woonagtig is nie:

(a) Per uur of gedeelte daarvan: R4, plus 45c per km.

(b) Minimum heffing: R10.

(3) Vir die vervoer van 'n persoon wat aan 'n aansteeklike siekte ly, 'n bykomende heffing van R2.

(4) Vir die toepassing van subitems (1) en (2) word die tydperk in beslag geneem en die afstand deur 'n ambulans afgelê, bereken vanaf die tyd wat 'n ambulans die Brandweerstasie verlaat totdat dit weer daarheen terugkeer.

2. *Brandweerdienste binne die Munisipaliteit.*

(1) *Diverse Heffings.*

(a) Vir die ondersoek en toets van 'n brandblusser, brandslangtol of brandkraan, elk: R1,50; plus

(b) werklike koste van materiaal gebruik.

(2) *Pomp van Water uit Oorstroomde Uitgrawings en Kelderverdiepings.*

(a) Vir elke brandweerwa, per uur of gedeelte daarvan: R30;

(b) Vir elke ligte-klas pomp, per uur of gedeelte daarvaan: R12.

(3) *Brandweerdienste Buite die Munisipaliteit Maar Binne die Landdrosdistrik van Heidelberg, Transvaal (uitgesonder die S.A. Spoorweë) en slegs waar die Brandweerhoof dit as Noodsaaklikheid beskou.*

(a) Per brandweerwa, per km: 50c; plus

(b) per brandweerwa per uur of gedeelte daarvan: R50; plus

(c) per noodvoertuig per uur of gedeelte daarvan: R20; plus

(d) per brandweerman per uur of gedeelte darvan: R5; plus

(e) werklike koste van materiaal gebruik.".

PB. 2-4-2-41-15

Administrateurskennisgewing 1342 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT KLERKSDORP: WYSIGING VAN TARIEF VIR SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGSDIENSTE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Tarief vir Sanitêre- en Vullisverwyderingsdienste van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Admi-

Administrator's Notice 1338 7 October, 1981

EDENVALE MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, *1939*, publishes that the Town Council of Edenvale has, in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-13

Administrator's Notice 1339 7 October, 1981

CORRECTION NOTICE.

GERMISTON MUNICIPALITY: BY-LAWS GOVERNING THE HIRE OF HALLS.

Administrator's Notice 1038, dated 2 September 1981 is hereby corrected by the substitution in the heading of item 5 in the Afrikaans text for the expression *"1 en 2"* of the expression *"1, 2 en 3"*.

PB. 2-4-2-94-1

Administrator's Notice 1340 7 October, 1981

HEIDELBERG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, *1939*, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Heidelberg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice *1572*, dated 13 September 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution in item 1(1) and (2) of Part 1 of the Tariff of Charges under the Schedule for the figure "R2" of the figure "R3".

PB. 2-4-2-36-15

Administrator's Notice 1341 7 October, 1981

HEIDELBERG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FIRE DEPARTMENT BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved

The Fire Department By-laws of the Heidelberg Municipality, published under Administrator's Notice 281, dated 10 April 1957, as amended, are hereby further amended by the substitution for the Tariff of Charges by him in terms of section 99 of the said Ordinance. of the following:

Administrateurskennisgewing 1338 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT EDENVALE: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Edenvale, ingevolge die bepalings van artikel 96*bis*(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 488 van 6 Mei 1981, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-13

Administrateurskennisgewing 1339 7 Oktober 1981

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT GERMISTON: VERORDENINGE BETREFFENDE DIE HUUR VAN SALE.

Administrateurskennisgewing 1038 van 2 September 1981 word hierby verbeter deur in die opskrif van items 5 die uitdrukking *"1 en 2"* deur die uitdrukking *"1, 2 en 3"* te vervang.

PB. 2-4-2-94-1

Administrateurskennisgewing 1340 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT HEIDELBERG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur*, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Heidelberg deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing *1572* van *13 September 1972*, soos gewyiig, word hierby verder gewysig deur in item 1(1) en (2) van Deel 1 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die syfer "R2" deur die syfer "R3" te vervang.

PB. 2-4-2-36-15

Administrateurskennisgewing 1341 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT HEIDELBERG: WYSIGING VAN BRANDWEERAFDELINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Brandweerafdelingsverordeninge van die Munisipaliteit Heidelberg afgekondig by Administrateurskennisgewing 281 van 10 April 1957, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die Tarief van Gelde deur die volgende te vervang:

section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-50

Administrator's Notice 1335 7 October, 1981

BRAKPAN MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Brakpan has, in terms of section 96*bis*(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notice 488, dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-9

Administrator's Notice 1336 7 October, 1981

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Carletonville Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1564, dated 26 September 1973, as amended, are hereby further amended by the substitution for item 14 of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:

"14. *Definition.*

For the purposes of this Tariff of Charges 'month' means the period between two consecutive meter readings.".

PB. 2-4-2-36-146

Administrator's Notice 1337 7 October 1981

CARLETONVILLE MUNICIPALITY: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Carletonville Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 72, dated 15 January 1978, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 1 for the definition of "month" of the following:

" 'month' means the period between two consecutive meter readings;".

PB. 2-4-2-104-146

die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 488 van 6 Mei 1981, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-50

Administrateurskennisgewing 1335 7 Oktober 1981

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE.

Munisipale Kantore,
Voortrekkerstraat,
Posbus 50,
Kinross.
2270.
30 September 1981.

1090—30

TOWN COUNCIL OF MIDDELBURG, TRANSVAAL.

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1981 TO 30 JUNE, 1982.

(Regulation 17).

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(b) and section 41 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll and provisional supplementary valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land: 7,2c in the Rand

In terms of section 21(4) of the said Ordinance, the following rebate on the general rate levied on the site value of land or any right in land referred to in paragraph (a) above, is granted:

(1) A rebate of 16,666 % in respect of all properties which are zoned for Special Residential or General Residential purposes in terms of the Town-planning Scheme.

(2) A rebate of 40 % in respect of all properties which are zoned for business purposes in terms of the Town-planning Scheme but which are used solely for Special Residential purposes.

The amount due for rates as contemplated in section 27 and 41 of the said Ordinance shall be payable in twelve equal monthly instalments, the first instalment being due and payable on 1st July, 1981.

Interest of 11,25 % per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

P. F. COLIN,
Town Clerk.

P.O. Box 14,
Middelburg.
1050.
30 September, 1981.

STADSRAAD VAN MIDDELBURG, TRANSVAAL.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VAN BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1982.

(Regulasie 17).

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(b) en artikel 41 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die waarderingslys en voorlopige aanvullende waarderingslys opgeteken:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond: 7,2c in die Rand.

Ingevolge artikel 21(4) van die genoemde Ordonnansie word die volgende kortings op die algemene eiendomsbelasting gehef op die terreinwaarde van grond of enige reg in grond, genoem in paragraaf (a) hierbo, toegestaan ten opsigte van die volgende:

(1) 'n Korting van 16,666 % ten opsigte van alle eiendomme wat vir Spesiale Woondoeleindes of Algemene Woondoeleindes gesoneer is ingevolge die Dorpsbeplanningskema.

(2) 'n Korting van 40 % ten opsigte van alle eiendomme wat vir Besigheidsdoeleindes gesoneer is ingevolge die Dorpsbeplanningskema maar wat uitsluitlik vir Spesiale Woondoeleindes gebruik word.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting soos in artikel 27 van 41 van genoemde Ordonnansie beoog, is in twaalf gelyke maandelikse paaiemente met eerste paaiement op 1 Julie 1981 betaalbaar.

Rente teen 11,25 % per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag *hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan* regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

P. F. COLIN,
Stadsklerk.

Posbus 14,
Middelburg.
1050.
30 September 1981.

1091—30

NIGEL MUNICIPALITY.

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF WATER.

The determination of charges in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, for the Supply of Water of the Nigel Municipality, published under Municipal Notice *94/1981 in Provincial Gazette 4153*, dated 1 July, 1981, is hereby amended by the substitution in Item 2(1)(a) and (b) under the heading "B Charges for Supply of Water" under the Schedule for the figures "R55" and "R60" of the figures "R90" and "R100" respectively as from 1 October, 1981.

P. M. WAGENER,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 23,
Nigel.
1490.
30 September, 1981.
Notice No. 153/1981.

STADSRAAD VAN NIGEL.

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN WATER.

Die vasstelling van gelde ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vir die Lewering van Water van die

Munisipaliteit Nigel, afgekondig by Munisipale Kennisgewing 94/81 in *Provinsiale Koerant* 4153 van 1 Julie 1981, word hierby gewysig deur in Item 2(1)(a) en (b) onder die opskrif "B. Gelde vir die Lewering van Water" onder die Bylae, die syfers "R55" en "R60" onderskeidelik deur die syfers "R90" en "R100" te vervang met ingang van 1 Oktober 1981.

P. M. WAGENER,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 23,
Nigel.
1490.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 153/1981.

1092—30

TOWN COUNCIL OF ORKNEY.

AMENDMENT OF BY-LAWS.

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that the Town Council of Orkney intends to amend the Electricity By-laws of the Orkney Municipality, adopted under Administrator's Notice 1580, dated 13 September, 1972, as amended, to make provision for a tariff payable by consumers of 3,2136c per kWh consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in Item 1(1)(a) of the Tariff of Charges and 4,7424c per kWh consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in Item 1(1)(b) of the Tariff of Charges.

The provisions of this amendment have already been levied in terms of section 83 of the mentioned Ordinance and are applicable for all accounts rendered in respect of readings taken and services rendered from 1 August, 1981.

Copies of the proposed amendment will be open for inspection between the hours 08h00 and 17h00 on Mondays to Fridays inclusive at Room 124, Civic Centre, Patmore Road, Orkney, for 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the *Official Gazette* of the Province Transvaal.

Any person who desires to record his or her objections to the proposed amendment, must do so in writing to reach the undersigned within 14 (fourteen) days after the date of publication of this notice in the *Official Gazette* of the Province of Transvaal, however not later than 13 October, 1981.

J. L. MULLER,
Town Clerk.

Civic Centre,
Patmore Road,
Orkney.
2620.
30 September, 1981.
Notice No. 28/1981.

———

STADSRAAD VAN ORKNEY.

WYSIGING VAN VERORDENINGE.

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Orkney van voorneme is om die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Orkney, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1580 van 13 September 1972, soos gewysig, verder te wysig deur voorsiening te maak vir 'n tarief betaalbaar deur verbruikers van 3,2136c per kWh elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in Item 1(1)(a) van die Tarief van Gelde en 4,7424c per kWh elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in Item 1(1)(b) van die Tarief van Gelde.

Die bepalings van hierdie wysiging is reeds ingevolge artikel 83 van die genoemde Ordonnansie gehef en is van toepassing vir alle rekenings gelewer ten opsigte van lesings geneem en dienste gelewer vanaf 1 Augustus 1981.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê van Maandag tot en met Vrydag, tussen die ure 08h00 tot 17h00, veertien dae lank, vanaf die datum waarop hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* van die Provinsie Transvaal verskyn, te Kamer 124, Burgersentrum, Patmoreweg, Orkney, ter insae.

Iemand wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil aanteken, moet sy beswaar binne 14 (veertien) dae van die datum waarop hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant* van die Provinsie Transvaal verskyn, maar in elk geval nie later nie as 13 Oktober 1981, skriftelik by die ondergetekende indien.

J. L. MULER,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Patmoreweg,
Orkney.
2620.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 28/1981.

1093—30

TOWN COUNCIL OF PIETERSBURG.

ROUTES FOR PUBLIC VEHICLES.

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 65 bis of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Pietersburg has taken a resolution whereby routes for public vehicles (busses) have been determined.

Copies of this resolution are available for inspection during the normal office hours at the Council's Traffic Department, Market Street, Pietersburg, until Friday, 16th October, 1981.

Objections against the resolution must be lodged in writing with the undersigned not later than the mentioned date. The resolution will take effect as from the mentioned date, should no objections be received.

J. A. BOTES,
Town Clerk.

Civic Centre,
Pietersburg.
30 September, 1981.

———

STADSRAAD VAN PIETERSBURG.

ROETES VIR PUBLIEKE VOERTUIE.

Hiermee word ingevolge die bepalings van artikel 65 bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis gegee dat die Stadsraad van Pietersburg 'n besluit geneem het waarby die bestaande roetes vir publieke voertuie (busse) vasgestel word.

Afskrifte van hierdie besluit lê gedurende die gewone kantoorure by die Verkeersafdeling van die Stadsraad, Markstraat, Pietersburg, ter insae tot Vrydag, 16 Oktober 1981, tot welke datum skriftelike besware deur die ondergetekende ontvang sal word. Indien geen besware ontvang word nie, tree die Raad se besluit op die gemelde datum in werking.

J. A. BOTES,
Stadsklerk.

Burgersentrum,
Pietersburg.
30 September 1981.

1094—30

LOCAL AUTHORITY OF POTCHEFSTROOM.

NOTICE OF FIRST SITTING OF VALUATION BOARD TO HEAR OBJECTIONS IN RESPECT OF PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1979 TO 30 JUNE, 1980 AND IN RESPECT OF PROVISIONAL VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1 JULY, 1981 TO 30 JUNE, 1983.

Notice is hereby given in terms of section 15(3)(b)/37 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977); that the first sitting of the valuation board will take place on 5 November, 1981 at 09h00 and will be held at the following address

Councils Chamber
Town Hall
Corner Kerk- and Wolmarans Streets
Potchefstroom

to consider any objection to the provisional supplementary valuation roll for the financial year 1 July, 1979 to 30 June, 1980 and the provisional valuation roll for the financial years 1 July, 1981 to 30 June, 1983.

H. F. GROBLER,
Secretary: Valuation Board.

30 September, 1981.
Notice No. 77/1981.

———

PLAASLIKE BESTUUR VAN POTCHEFSTROOM.

KENNISGEWING VAN EERSTE SITTING VAN WAARDERINGSRAAD OM BESWARE TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1979 TOT 30 JUNIE 1980 EN TEN OPSIGTE VAN VOORLOPIGE WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1983 AAN TE HOOR.

Kennis word hierby ingevolge artikel 15(3)(b)/37 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die eerste sitting van die waarderingsraad op 5 November 1981 om 09h00 sal plaasvind en gehou sal word by die volgende adres

Raadsaal
Stadshuis
H/v Kerk- en Wolmaransstraat
Potchefstroom

om enige beswaar tot die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1 Julie 1979 tot 30 Junie 1980 en die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1 Julie 1981 tot 30 Junie 1983 te oorweeg.

H. F. GROBLER,
Sekretaris: Waarderingsraad.

30 September 1981.
Kennisgewing No. 77/1981.

1095—30

LOCAL AUTHORITY OF POTGIETERSRUS.

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL.

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provisional supplementary valuation roll for the financial year 1980/81 is open for inspection at the office of the Local Authority of Potgietersrus from Wednesday, 30 September, 1981 to Friday, 6 November, 1981 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or

in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

C. F. B. MATTHEUS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Retief Street,
Potgietersrus.
0600.
30 September, 1981.
Notice No. 42/1981.

PLAASLIKE BESTUUR VAN POTGIETERSRUS.

KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS AANVRA.

Kennis word hierby ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1980/81 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Potgietersrus vanaf Woensdag, 30 September 1981 tot Vrydag, 6 November 1981 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys, opgeteken, soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

C. F. B. MATTHEUS,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Retiefstraat,
Potgietersrus.
0600.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 42/1981.

1096—30

CORRECTION NOTICE.

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG.

SANITARY AND REFUSE REMOVAL: DETERMINATION OF CHARGES.

Notice is hereby given that Notice No. 61/81 published in the *Official Gazette* No. 4161 dated 19 August, 1981 is amended by the addition of the symbol

"*p*"

between "4,5 k" and "per" in section 3(1)(a) of the Afrikaans and English text.

W. J. ERASMUS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 16,
Rustenburg.
0300.
30 September, 1981.
Notice No. 83/81.

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

STADSRAAD VAN RUSTENBURG.

SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERING: VASSTELLING VAN GELDE.

Kennis geskied hiermee dat Kennisgewing 61/81 gepubliseer in *Offisiële Koerant* No. 4161 gedateer 19 Augustus 1981 gewysig word deur die toevoeging van die teken

"*p*"

tussen "4,5 k" en "per" in artikel 3(1)(a) van die Afrikaanse en Engelse teks.

W. J. ERASMUS,
Stadsklerk.

Standskantore,
Posbus 16,
Rustenburg.
0300.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 83/81.

1097—30

CORRECTION NOTICE.

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG.

WATER SUPPLY: DETERMINATION OF CHARGES.

Notice is hereby given that Notice No. 64/81 published in the *Official Gazette* No. 4161 dated 19 August, 1981 is amended by the deletion of the words

"of the Water Supply By-laws"

in section 4(4) of the English text, and

"and maintenance"

in section 6(4) of the English text.

W. J. ERASMUS,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 16,
Rustenburg.
0300.
30 September, 1981.
Notice No. 82/81.

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

STADSRAAD VAN RUSTENBURG.

WATERVOORSIENING: VASSTELLING VAN GELDE.

Kennis geskied hiermee dat Kennisgewing No. 64/81 gepubliseer in *Offisiële Koerant* No. 4161 gedateer 19 Augustus 1981 gewysig word deur die skrapping van die woorde

"of the Water Supply By-laws"

in artikel 4(4) van die Engelse teks, en

"and maintenance"

in artikel 6(4) van die Engelse teks.

W. J. ERASMUS,
Stadsklerk.

Stadskantore,
Posbus 16,
Rustenburg.
0300.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 82/81.

1098—30

VILLAGE COUNCIL OF SWARTRUGGENS.

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY, 1981 TO 30 JUNE, 1982.

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the provisional valuation roll:

(a) On the site value of any land or right in land, three cent (3 cent).

(b) Subject to the approval of the Administrator, an additional rate, of six cent (6 cent) on the site value of any land or right in land.

The rates imposed as set out above shall become due on 1 July, 1981, and payable in two equal instalments as follows: The one half shall be payable on or before 31 October, 1981 and the remaining half on or before 30 April, 1982.

Interest of 8 per cent annum chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

F. J. COETZEE,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 1,
Swartruggens.
30 September, 1981.
Notice No. 6/81.

DORPSRAAD VAN SWARTRUGGENS.

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1981 TOT 30 JUNIE 1982.

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogemelde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond, drie sent (3 sent).

(b) Onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, 'n addisionele belasting van ses sent (6 sent) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond.

Eiendomsbelasting is verskuldig op 1 Julie 1981 en betaalbaar in twee gelyke paaiemente soos volg: Die een helfte is betaalbaar voor of op 31 Oktober 1980 en die oorblywende helfte voor of op 30 April 1982.

Rente teen 8 % per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

F. J. COETZEE,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Posbus 1,
Swartruggens.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 6/81.

1099—30

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING.

VEREENIGING DRAFT TOWN-PLANNING AMENDMENT SCHEME 1/196.

NOTICE IN TERMS OF SECTION 26(1)(a) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965.

The Town Council of Vereeniging has prepared a draft town-planning scheme to be known as Vereeniging Amendment Scheme 1/196.

This scheme will be an amendment scheme and contains a proposal for the rezoning of a portion of Erf 1281 Three Rivers Extension 1 from "Public Open Space" to "General Residential", to permit the erection of a housing complex for widows and elderly ladies.

Particulars of this amendment scheme are open for inspection at the office of the Town Secretary (Room 104), Municipal Offices, Vereeniging, for a period of four weeks from the date of first publication of this notice, which is 30 September, 1981.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Council of Vereeniging within a period of four weeks from the abovementioned date.

J. J. ROODT,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 35,
Vereeniging.
30 September, 1981.

STADSRAAD VAN VEREENIGING.

VEREENIGING ONTWERPDORPSBEPLANNING WYSIGINGSKEMA 1/196. 1/196.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 26(1)(a) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965.

Die Stadsraad van Vereeniging het 'n ontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Vereeniging wysigingskema 1/196.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en bevat 'n voorstel vir die hersonering van 'n deel van Erf 1281 Three Rivers Uitbreiding 1 vanaf "Publieke Oopruimte" na "Algemene Woon", om die oprigting van 'n behuisingskompleks vir weduwees en enkellopende dames toe te laat.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris, (Kamer 104), Munisipale Kantore, Vereeniging, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 30 September 1981.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik aan die Stadsraad van Vereeniging, binne 'n tydperk van vier weke vanaf bogenoemde datum voorgelê word.

J. J. ROODT,
Stadsklerk.

Munisipale Kantoor,
Posbus 35,
Vereeniging.
30 September 1981.

1100—30—7

LOCAL AUTHORITY OF WARMBATHS.

NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL.

(Reg. 5, Ord. 11 of 1977).

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977, (Ordinance 11 of 1977) that the provisional supplementary valuation roll for the financial years 1981/84 is open for inspection at the office of the Local Authority of Warmbaths from 30 September, 1981 to 30 October, 1981 and any owner of rateable property or other person who so desides to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

H. J. PIENAAR,
Town Clerk.

Municipal Offices,
Voortrekker Road,
Private Bag X1609,
Warmbaths.
0480.
30 September, 1981.
Notice No. 28/1981.

PLAASLIKE BESTUUR VAN WARMBAD.

KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE AANVULLENDE WAARDERINGSLYS AANVRA.

(Reg. 5, Ord. 11 van 1977).

Kennis word hierby ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjare 1981/84 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Warmbad vanaf 30 September 1981 tot 30 Oktober 1981 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persone wat begerig is om besware by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys, opgeteken soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

H. J. PIENAAR,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Voortrekkerweg,
Privaatsak X1609,
Warmbad.
0480.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 28/1981.

1101—30

WATERVAL-BOVEN VILLAGE COUNCIL.

AMENDMENT: HIKING TARIFFS.

It is hereby notified that the Village Council of Waterval-Boven resolved, according to the stipulations of section 80B of the Local Government Ordinance (Ord. 17 of 1939) to make the following amendment viz to increase the hiking tariffs from R1,50 to R2,50 per head with effect of 1 October, 1981.

A copy of this amendment is open for inspection at the Council's Office for a period of 14 days as from date hereof.

Any person who desires to record his objections to the said amendment must do so in writing to the undersigned within the said period.

A. J. SNYMAN,
Town Clerk.

Park Avenue,
Waterval-Boven.
1195.
30 September, 1981.
Notice No. 16/1981.

WATERVAL-BOVEN DORPSRAAD.

WYSIGING VAN TARIEWE.

Dit word hiermee bekend gemaak dat die Dorpsraad van Waterval-Boven besluit het om, ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Ord. 17 van 1939) die volgende wysigings van sy regulasies te doen, naamlik die verhoging van wandeltariewe vanaf R1,50 na R2,50 per persoon met ingang van 1 Oktober 1981.

'n Afskrif van hierdie wysiging lê ter insae by die Raadskantoor vir 'n tydperk van 14 dae.

Enige persoon wat wens beswaar aan te teken teen dié wysiging moet sy beswaar skriftelik, binne genoemde tydperk, by die ondergetekende inhandig.

A. J. SNYMAN,
Stadsklerk.

Parklaan,
Waterval-Boven.
1195.
30 September 1981.
Kennisgewing No. 16/1981.

1102—30—7

TOWN COUNCIL OF ZEERUST.

DETERMINATION OF CHARGES PAYABLE IN TERMS OF BUILDING BY-LAWS.

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Town Council of Zeerust has by special resolution determined the charges as set out in the undermentioned schedule with effect from 1 October, 1981.

B. J. ROBINSON,
Town Clerk.

Municipal Offices,
P.O. Box 92,
Zeerust.
2865.
30 September, 1981.
Notice No. 38/1981.

SCHEDULE.

CHARGES PAYABLE IN TERMS OF BUILDING BY-LAWS.

APPENDIX I.

ANNUAL CHARGES FOR STREET PROJECTIONS.

The annual sum payable in respect of each street projection in terms of section 206 of these By-laws shall be paid to the Council annually in advance at the beginning of each calendar year by the owner of the building or the projection, as the case may be, and shall be calculated as follows:

(a) Verandah posts at street level, each: R2,00

(b) Ground floor verandahs, per m^2 of part thereof: R0,25

(c) First floor balconies, per m^2 of part thereof: R1,00

(d) Second and each higher floor balconies, per m^2 or part thereof: R1,00

easterly direction along the northern boundaries of Talboton and Fairmount Townships to the north-eastern corner beacon of Fairmount Township; thence proceeding in an easterly direction along the southern boundary of Glenhazel to its south-eastern corner beacon; thence proceeding in a north-easterly direction along the south-eastern boundaries of Glenhazel Extensions 2, 5, 8, View Crest, Sunningdale Extensions 11 and 12 to the easternmost corner beacon of Sunningdale Extension 12; thence in a south-easterly direction along the north-eastern boundary of Silvamonte to its easternmost corner beacon; thence in a south-westerly direction along the south-eastern boundaries of Silvamonte and Fairvale to its intersection with Margaret Rose Street in Sandringham; thence in a south-easterly direction along Margaret Rose Street to its intersection with Edward Avenue in Sandringham; thence in a general south-easterly direction along the south-eastern boundary of Sandringham to its south-western corner beacon; thence in a south-easterly direction along the eastern boundary of Sydenham to its easternmost corner beacon; thence in a south-westerly direction along the south-eastern boundary of Sydenham to the easternmost corner beacon of Orange Grove; thence in a westerly direction along the southern boundary of Sydenham to its westernmost corner beacon; thence in a north-eastern direction along the western boundaries of Sydenham, Raedene and Talboton to the north-western corner beacon of Rouxville; thence in a north-westerly direction along the western boundary of Talboton to the point of commencement.

This ward includes the following townships: Sydenham, Raedene, Raedene Extension No. 1, Talboton, Fairmount, Fairmount Extension No. 2, Dunhill, Fairmount Ridge, Glensan, Glenkay, Fairvale, Fairvale Extension Nos. 1 and 2, Silvamonte, Silvamonte Extension No. 1 and Sandringham.

WARD 19.

Commencing on the Johannesburg municipal boundary at the south-eastern corner beacon of Sandringham Township; thence proceeding in a general southerly direction along the Johannesburg Municipal boundary to the north-eastern corner beacon of Portion 174 of the Farm Doornfontein 92 IR; thence proceeding in a westerly direction along the northern boundary of the said portion to its intersection with the eastern boundary of Linksfield Extension 1 Township; thence in a north-westerly direction to the south-eastern corner beacon of Linksfield Township; thence in a westerly, south-easterly, westerly, north-westerly, westerly, south-westerly, westerly, north-westerly, westerly, north-westerly and again westerly direction to the north-western corner beacon of Linksfield Extension 2 Township; then in a southerly direction along the western boundary of Linksfield Extension 2 to the south-western corner beacon of the lastnamed Township; thence in a general westerly direction along Kallenbach Drive to its intersection with Fairwoord Township; thence in a south-westerly direction along the boundary of Fairwood Township to its southernmost corner beacon; thence proceeding in a south-westerly direction along the boundaries of Mountain View and Houghton Estate Townships to its intersection with Louis Botha Avenue; thence in a general north-easterly direction along Louis Botha Avenue to its intersection with the eastern boundary of Houghton Estate Township; thence in a general north-westerly direction along the boundary of the lastnamed Township to the southernmost corner beacon of Victoria Township; thence in a north-easterly, easterly, north-easterly, easterly and northerly direction along the north-western boundary of Orange Grove to the Southernmost corner vandaar verder in 'n oostelike rigting met die suidelike grens van Glenhazel langs tot by die suidoostelike hoekbaken daarvan, vandaar verder in 'n noordoostelike rigting met die suidoostelike grense van Glenhazel Uitbreidings 2, 5 en 8, View Crest, Sunningdale Uitbreidings 11 en 12 langs tot by die mees oostelike hoekbaken van Sunningdale Uitbreiding 12; vandaar in 'n suidoostelike rigting met die noordoostelike grens van Silvamonte langs tot by die mees oostelike hoekbaken daarvan; vandaar in 'n suidwestelike rigting met die suidoostelike grense van Silvamonte en Fairvale langs tot by die kruising daarvan met Margaret Rosestraat in Sandringham; vandaar in 'n suidoostelike rigting met Margaret Rosestraat langs tot by die kruising daarvan met Edwardlaan in Sandringham; vandaar in 'n algemeen suidoostelike rigting met die suidoostelike grense van Sandringham langs tot by die suidwestelike hoekbaken daarvan; vandaar in 'n suidoostelike rigting met die oostelike grens van Sydenham langs tot by die mees oostelike hoekbaken daarvan; vandaar in 'n suidwestelike rigting met die suidoostelike grens van Sydenham langs tot by die mees oostelike hoekbaken van Orange Grove; vandaar in 'n westelike rigting met die suidelike grens van Sydenham langs tot by die mees westelike hoekbaken daarvan; vandaar in 'n noordoostelike rigting met die westelike grense van Sydenham, Raedene en Talboton langs tot by die noordwestelike hoekbaken van Rouxville; vandaar in 'n noordoostelike rigting met die westelike grens van Talboton langs tot by die beginpunt.

Hierdie wyk sluit die volgende dorpe in: Sydenham, Raedene en Uitbreiding 1, Talboton, Fairmount en Fairmount Uitbreiding 2, Dunhill, Fairmount Ridge, Glensan, Glenkay, Fairvale en Fairvale Uitbreidings 1 en 2, Silvamonte en Uitbreiding 1, Sandringham.

WYK 19.

Begin by die Johannesburgse munisipale grens op die suidoostelike hoekbaken van Sandringham; daarna in 'n algemene suidelike rigting met die Johannesburgse munisipale grens langs tot by die noordoostelike hoekbaken van Gedeelte 174 van die plaas Doornfontein 92 IR; daarna in 'n westelike rigting met die noordelike grens van genoemde gedeelte tot by die kruising daarvan met die oostelike grens van Linksfield Uitbreiding 1; daarna in 'n noordwestelike rigting tot by die suidoostelike hoekbaken van Linksfield; daarna in 'n westelike, suidoostelike, westelike, noordwestelike, westelike, suidwestelike, westelike, noordwestelike, westelike, noordwestelike en weer eens westelike rigting tot by die noordwestelike hoekbaken van Linksfield Uitbreiding 2; daarna in 'n suidelike rigting met die westelike grens van Linksfield Uitbreiding 2 langs tot by die suidwestelike hoekbaken van laasgenoemde dorp; daarna in 'n algemene westelike rigting met Kallenbach-rylaan langs tot by sy kruising met Fairwood; daarna in 'n suidwestelike rigting met die grens van Fairwood langs tot by die mees suidelike hoekbaken; daarna in 'n suidwestelike rigting en die grense van Mountain View en Houghton Estate langs tot by die kruising daarvan met Louis Bothalaan; daarna in 'n algemene noordoostelike rigting met Louis Bothalaan langs tot by die kruising daarvan met die oostelike grens van Houghton Estate; daarna in 'n algemene noordwestelike rigting met die grens van laasgenoemde dorp langs tot by die mees suidelike hoekbaken van Victoria; daarna in 'n noordoostelike, oostelike, noordoostelike, oostelike en noordelike rigting met die noordwestelike grens van Orange Grove langs tot by die mees suidelike hoekbaken van Maryvale; daarna in 'n oostelike rigting met die noordelike grens van Orange Grove langs tot by sy mees oostelike hoekbaken; daarna in 'n noordoostelike rigting

beacon of Maryvale; thence in an easterly direction along the northern boundary of Orange Grove to its easternmost corner beacon; thence in a north-easterly direction of the easternmost corner beacon of Sydenham; thence in a north-westerly direction to the south-western corner beacon of Sandringham; thence in a general north-easterly direction along the southern boundary of Sandringham and in a north-westerly direction along the eastern boundary of Sandringham; thence in a north-westerly direction along Margaret Rose Street to its intersection with George Avenue, Sandringham; thence in a north-easterly direction along the south-eastern boundaries of Fairvale and Silvamonte to point of commencement.

This ward includes the following townships: Portion of Houghton Estate, Mountain View, Fellside, Fairwood, Orange Grove, Linksfield, Linksfield North Extension Nos. 1 and 3.

WARD 20.

Commencing on the Johannesburg municipal boundary at the westernmost corner beacon of Bosmont Township; thence proceeding in a northerly, south-easterly, north-westerly and north-easterly direction along the Johannesburg municipal boundary to its intersection with 15th Street, Newlands Township; thence in a south-easterly direction along 15th Street to its intersection with Alberts Road, Newlands Township; thence in a general south-westerly direction along Albert Road and Italian Road to its intersection with Plantation Road; thence in a southerly direction along Plantation Road to its intersection with Main Road; thence in a general easterly and south-easterly direction along Main Road to the south-western corner beacon of Martindale Township; thence in a north-easterly direction along the boundary of Martindale to the south-eastern corner beacon of Portion 3 of Stand 1758 Triomf; thence in a westerly direction along the southern boundary of Stand 1758 to its south-western corner beacon; thence in a north-easterly direction along Sol Street to its intersection with Victoria Road, Triomf; thence in a south-easterly direction along Victoria Road to its intersection with the north-western boundary of Westdene Township; thence in a south-westerly direction along the north-western boundary of Westdene Township to its westernmost corner beacon; thence in a south-easterly direction along the south-western boundary of Westdene Township to its southernmost corner beacon; thence in a south-westerly direction along the north-western boundary of Hursthill Township to its westernmost corner beacon; thence in a south-easterly direction along the southern boundary of Hursthill to the northernmost corner beacon of Crosby Township; thence in a south-westerly direction along the western boundary of Crosby to its south-western corner beacon; thence in a south-easterly direction along the southern boundary of Crosby to its intersection with the western boundary of Langlaagte North Township; thence in a southerly direction along the western boundary of Langlaagte North to its south-western corner beacon; thence in an easterly direction along the southern boundary of Langlaagte North to the south-eastern corner beacon; thence in a southerly direction along the eastern boundary of Paarlshoop Township and the eastern boundary of Portion 36 of Langlaagte 224 IQ to the south-eastern corner beacon of that Portion; thence in a south-easterly direction to the easternmost corner beacon of Portion 180 of Langlaagte 224 IQ; thence in a general north-westerly direction along Main Reef Road to the north-eastern corner beacon of Longdale Township; thence in a north-westerly direction along the northern boundary of Longdale Township to van die mees oostelike hoekbaken van Sydenham; daarna in 'n noordwestelike rigting tot by die suidwestelike hoekbaken van Sandringham; daarna in 'n algemene noordoostelike rigting met die suidelike grens van Sandringham en in 'n noordwestelike rigting met die oostelike grens van Sandringham langs; daarna in 'n noordwestelike rigting met Margaret Rosestraat langs tot by sy kruising met Georgelaan, Sandringham; daarna in 'n noordoostelike rigting met die suidoostelike rigting van Fairvale en Silvamonte langs tot by die beginpunt.

Hierdie wyk sluit die volgende dorpe in: 'n Gedeelte van Houghton Estate, Mountain View, Fellside, Fairwood, Orange Grove, Linksfield, Linksfield-Noord, Linksfield-Noord Uitbreidings 1 en 3.

WYK 20.

Van die Johannesburgse munisipale grens by die mees westelike hoekbaken van Bosmont af; daarvandaan verder in 'n noordelike, suidoostelike, noordwestelike en noordoostelike rigting met die Johannesburgse munisipale grens langs tot by sy kruising met Vyftiende Straat, Newlands; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met Vyftiende Straat langs tot by sy kruising met Albertsweg, Newlands; daarvandaan in 'n algemene suidwestelike rigting met Alberts- en Italianweg langs tot by sy kruising met Plantationweg; daarvandaan in 'n suidelike rigting met Plantationweg langs tot by sy kruising met Mainweg; daarvandaan in 'n algemene oostelike en suidoostelike rigting met Mainweg langs tot by die suidwestelike hoekbaken van Martindale; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting met die grens van Martindale langs tot by die suidoostelike hoekbaken van Gedeelte 3 van standplaas 1758, Triomf; daarvandaan in westelike rigting met die suidelike grens van standplaas 1758 langs tot by sy suidwestelike hoekbaken; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting met Solstraat langs tot by sy kruising met Victoriaweg, Triomf; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met Victoriaweg langs tot by sy kruising met die noordwestelike grens van Westdene; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die noordwestelike grens van Westdene langs tot by sy mees westelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die suidwestelike grens van Westdene langs tot by sy mees suidelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die noordwestelike grens van Hursthill langs tot by sy mees westelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die suidelike grens van Hursthill langs tot by die mees noordelike hoekbaken van Crosby; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die westelike grens van Crosby langs tot by sy suidwestelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die suidelike grens van Crosby langs tot by sy kruising met die westelike grens van Langlaagte-Noord; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die westelike grens van Langlaagte-Noord langs tot by sy suidwestelike hoekbaken; daarvandaan in 'n oostelike rigting met die suidelike grens van Langlaagte-Noord langs tot by die suidoostelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die oostelike grens van Paarlshoop en die oostelike grens van Gedeelte 36 van Langlaagte 224 IQ langs tot by die suidoostelike hoekbaken van daardie gedeelte; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting tot by die mees oostelike hoekbaken van Gedeelte 180 van Langlaagte 224 IQ; daarvandaan in 'n algemene noordwestelike rigting met Hoofrifweg langs tot by die noordoostelike hoekbaken van Longdale; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting met die noordelike grens van Longdale langs tot by sy noordwestelike hoekbaken; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die westelike grens van Longdale langs tot by sy kruising met die munisipale grens van Johannesburg; daarvandaan in 'n

its north-western corner beacon; thence in a south-westerly direction along the western boundary of Longdale Township to its intersection with the municipal boundary of Johannesburg; thence in a general north-westerly direction along the municipal boundary to the point of commencement.

This ward includes the following townships: Portion of Newlands, Newlands Extension No. 1, Montclare, Claremont, Newclare , Portion of Triomf, Martindale Bosmont, Coronationville, Paarlshoop, Paarlshoop Extension Nos. 1 and 3, SAR Housing Scheme, Industria and Industria West, Industria Extension No. 2 and Croesus.

WARD 21.

Commencing at the northernmost corner beacon of Hurst Hill Township; thence proceeding along the south-eastern boundary of Westdene Township to the south-western corner beacon of Melville Township; thence proceeding in a north-easterly direction along the southern boundary of Melville Township to the intersection with 9th Street, Melville; thence proceeding in a northerly direction along 9th Street to its intersection with Rustenburg Road; thence along the north-eastern boundary of Melville to the southernmost corner beacon of Portion 22 of the Farm Emmarentia 52 IR; thence in an easterly direction along the southern boundary of Portion 212 of the Farm Braamfontein 53 IR to its south-eastern corner beacon; thence proceeding in a southerly direction along the eastern boundary of Remainder of Portion 16 of Braamfontein 53 IR to the north-eastern corner of Richmond Township; thence in a general south-easterly direction along the boundary of Richmond Township to its easternmost corner beacon; thence in a general easterly and southerly direction along the easterm boundary of Braamfontein Werf Township to its south-eastern corner beacon; thence in a general westerly direction along the southern boundary of Braamfontein Werf and Cottesloe to its south-western corner beacon; thence in a westerly direction along the southern boundary of Portion 358 of the Farm Braamfontein 53 IR to its intersection with eastern boundary of Auckland Park; thence in a south-westerly direction along the eastern boundary of Auckland Park to the north-eastern corner beacon of Brixton Township; thence in a general westerly direction along the northern boundary of Brixton to its intersection with the eastern boundary of Rossmore Township; thence in a northerly direction along the eastern boundary of Rossmore to its intersection with Hampton Avenue; thence in a westerly direction along Hampton Avenue to its intersection with the eastern boundary of Hursthill Township; thence in a northerly direction to the north-eastern corner beacon of that Township; thence in a general south-westerly and north-westerly direction along the northern boundary of Hurst Hill Township to the point of commencement.

This ward includes the following townships: Portion of Rossmore, Auckland Park, Richmond, Portion of Melville, Braamfontein Werf, Braamfontein Werf Extension No. 1, Sunnyside and Cottesloe.

WARD 22.

Commencing at the westernmost corner beacon of Hurst Hill Township; thence proceeding in a north-easterly direction along the north-western boundary of that Township to its northernmost corner beacon; thence proceeding in a south-easterly and north-easterly direction and easterly direction to its north-eastern corner beacon; thence in a southerly direction to the intersection with Hampton Avenue, Brixton; thence in algemene noordwestelike rigting met die munisipale grens langs tot by die punt waar daar begin is.

Hierdie wyk sluit die volgende dorpe in: Gedeelte van Newlands, Newlands Uitbreiding 1, Montclare, Claremont, Newclare, gedeelte van Triomf, Martindale, Bosmont, Coronationville, Paarlshoop, Paarlshoop Uitbreidings 1 en 3, SAS-behuisingskema, Industria en Industria-Wes, Industria Uitbreiding 2 en Croesus.

WYK 21.

Vanaf die mees noordelike hoekbaken van Hursthill af; daarvandaan verder met die suidoostelike grens van Westdene langs tot by die suidwestelike hoekbaken van Melville; daarvandaan verder in 'n noordoostelike rigting met die suidelike grens van Melville langs tot by die kruising met Negende Straat, Melville; daarvandaan verder in 'n noordelike rigting met Negende Straat langs tot by sy kruising met Rustenburgweg; daarvandaan met die noordoostelike grens van Mellville langs tot by die mees suidelike hoekbaken van Gedeelte 22 van die plaas Emmarentia 52 IR; daarvandaan in 'n oostelike rigting met die suidelike grens van Gedeelte 212 van die plaas Braamfontein 53 IR langs tot by sy suidoostelike hoekbaken; daarvandaan verder in 'n suidelike rigting met die oostelike grens van die Restant van Gedeelte 16 van Braamfontein 53 IR langs tot by die noordoostelike hoek van Richmond; daarvandaan in 'n algemene suidoostelike rigting met die grens van Richmond langs tot by sy mees oostelike hoekbaken; daarvandaan in 'n algemene oostelike en suidelike rigting met die oostelike grens van Braamfontein-Werf langs tot by sy suidoostelike hoekbaken; daarvandaan in 'n algemene westelike riging met die die suidelike grens van Braamfontein-Werf en Cottesloe langs tot by sy suidwestelike hoekbaken; daarvandaan in 'n westelike rigting met die suidelike grens van Gedeelte 358 van plaas Braamfontein 53 IR langs tot by sy kruising met die oostelike grens van Aucklandpark; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die oostelike grens van Aucklandpark langs tot by die noordoostelike hoekbaken van Brixton; daarvandaan in 'n algemene westelike rigting met die noordelike grens van Brixton langs tot by sy kruising met die oostelike grens van Rossmore; daarvandaan in 'n noordelike rigting met die oostelike grens van Rossmore langs tot by sy kruising met Hamptonlaan; daarvandaan in 'n westelike rigting met Hamptonlaan langs tot by sy kruising met die oostelike grens van Hursthill; daarvandaan in 'n noordelike rigting tot by die noordoostelike hoekbaken van daardie dorp; daarvandaan in 'n algemene suidwestelike en noordwestelike rigting met die noordelike grens van Hursthill langs tot by die punt waar daar begin is.

Hierdie wyk sluit die volgende dorpe in: Gedeelte van Rossmore, Aucklandpark, Richmond, gedeelte van Melville, Braamfontein-Werf, Braamfontein-Werf Uitbreiding 1, Sunnyside en Cottesloe.

WYK 22.

Vanaf die mees westelike hoekbaken van Hursthill; vandaar in 'n noordoostelike rigting in 'n noordoostelike rigting met die noordwestelike grens van daardie dorp langs tot by die mees noordelike hoekbaken daarvan; vandaar verder in 'n suidoostelike en noordoostelike rigting en oostelike rigting tot by die noordoostelike hoekbaken daarvan; vandaar in 'n suidelike rigting tot by die kruising met Hamptonlaan, Brixton; vandaar in 'n oostelike rigting met Hamptonlaan langs tot by die kruising daarvan met die westelike grens van

an easterly direction along Hampton Avenue to its intersection with the western boundary of Auckland Park; thence in a southerly direction along the western boundary of Auckland Park to its southwestern corner beacon; thence in a south-easterly direction along the southern boundary of Auckland Park to its intersection with Isleworth Road; thence in a south-westerly direction along Isleworth Road to its intersection with High Street, Brixton; thence in a southerly direction along Indra Street, Mayfair West to its intersection with St. Albans Avenue; thence in a north-westerly direction along St. Albans Avenue to its intersection with Jason Street; thence in a south-westerly direction along Jason Street to its intersection with St. Cloud Avenue; thence in a north-westerly direction along St. Cloud Avenue to its intersection with the eastern boundary of Crosby Township; thence in a southerly direction along the eastern boundary of Crosby and Langlaagte North to the south-eastern corner beacon of Langlaagte North; thence in a general westerly direction along the southern boundaries of Langlaagte North and Crosby to its south-western corner beacon; thence in a northerly direction along the western boundary of Crosby Township to its intersection with the southern boundary of Hurst Hill; thence in a north-westerly direction along the southern boundary of Hurst Hill to the point of commencement.

This ward includes the following townships: Hurst Hill, portions of Rossmore and Brixton, portion of Mayfair West, Langlaagte North and Crosby.

WARD 23.

